DEEL 115 | WEEK 2 | 13 JANUARIE 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR






# LANG WAG IS VERBY

## *WELKOM KLAS VAN 2034*

Ogies wat blink, opgewonde gesiggies, handjies wat effe bang-bang aan Mamma s'n klou en trotse trane wat deur ouers weggepink word, was oral op die skoolterrein sigbaar toe die nuwe skooljaar aangebreek het.

Hoërskool Heilbron het Woensdag, hul nuwe Graad 1-maats verwelkom. Ouers is genooi om die oomblik saam met hul kinders in die saal te beleef en te koester.

Elke nuweling is ook met 'n oulike geskenkpakkie wat deur die Bestuurskomitee opgemaak is, bederf.

Ná die verrigtinge in die saal is foto's geneem voordat die opgewonde Matrieks van 2034 Dag 1 van hul 12 jaarlange skoolreis aangepak het.

*Foto Erkenning: Tanya van Rooyen*












# HUPPEL TRIPPEL KLUB GEREED VIR 2023










# OPPAD NA GRAND FINALE

Opulent Models Top Model Suid-Afrika (OMSA) is deel van die Opulents Models Top Model Internasionaal. OMSA is die voorste internasionale professionele modelsoektog-kompetisies, met 'n bewese geskiedenis vir die ontdekking van nuwe modeltalent.

OMSA het vyf afdelings waaraan manlike sowel as vroulike modelle kan deelneem. ‘Body of the year, Beautiful Fresh Face, Over 25’s, Runway, Men’s Open, Fitness Physique en Mr & Mrs.

Leandri Fourie, 'n jong dame van Heilbron, het in 2022 die eer gehad om die hare van die finaliste te doen. Hiér het haar droom ontstaan om vir 2023 in te skryf, maar weens haar ouderdom en lengte kon sy net in een afdeling inskryf naamlik "Beautiful Fresh Face". Sy is maar net 17 jaar oud met 'n lengte van 1,62 meter.

Vir die kompetisie is daar meer as 3000 inskrywings met ongeveer dertig finaliste per afdeling. Op 21 Desember het Fourie die die oproep gekry dat sy as finalis gekwalifiseer het. Die finaliste moet verskillende maande verskillende projekte aanpak en/of opleidingsessies bywoon. In Februarie vanjaar kom sowat 150 van die finaliste, uit alle katogorieë, bymekaar om mekaar te ontmoet. Elke model kan ook vyf persone saam vat om ook die finaliste te ontmoet.

As 'n finalis kry Fourie ook 'n opleidingswerkswinkel ter waarde van R7 000 verniet wat bestaan uit lewensvaardighede, catwalk-opleiding, fotografiese opleiding, sosiale media-opleiding, selfhandelsmerk en besigheidsvaardighede.

Fourie gaan op 29 Junie aan die Grand Finale by die Time Square in Pretoria deelneem. Kaartjies vir die geleentheid is op Iticket te koop. Geselekteerde modelle kan ook die kans kry om London toe te gaan. Fourie het in 2019 ook die Mej. Jnr. Tiener Vrystaat-kompetisie in Bloemfontein gewen.

# Uitdiepen: Week 2 van 2023



Misgun my die verleentheid, het iemand eendag gesê. Vergun my die geleentheid om jou ’n 2023 propvol wonderwerke toe te wens. ’n Jaar waarin jy weereens die kans gaan kry om dit wat in die vorige jare verkeerd geloop het, te probeer regleef.

Daar is natuurlik niks wat ons aan sommige dinge kan doen nie, tensy jy op ’n reuse goudmyn sit. Jy het dan ’n verskeidenheid maniere om dit te belê om die lewe vir jou en my makliker te maak.

Jy kan geld in Eskom se bodemlose put stort om ons van beurtkrag te verlos. Ek hoop jy is gereed vir ’n hele paar nulle. Dalk kan jy dit van belasting aftrek?

Jy kan ook belê in SANRAL, sodat Lesufi die simpel e-tolstelsel kan laat staan. Soos hy reeds belowe het. Gee genoeg, want die knaap moet ons huishouding vergoed vir die jare waar ons van die e-Tolskyfie gebruik gemaak het. Ja, ek is een van die voorbeeldiges wat so iets besit en dit getrou betaal.

SANRAL en die Department van Vervoer kan ook van jou belegging gebruik maak om al die miljoene slaggate toe te maak. Of om ten minste gekwalifiseerde, ordentlike kontrakteurs met ondervinding, aan te stel om ’n pad te bou wat langer as vyf jaar sal hou.

Nog ’n wonderlike geleentheid behoort in die onderwys te wees: om seker te maak dat daar genoeg skole is en dat onderwys genoegsaam opgelei is en weliswaar daagliks klasgee. Sodat daar nie, in Gauteng alleen, 1600 kinders is wat Woensdag nog op ’n plekkie in ’n skool gewag het nie.

Jy kan in Transnet belê sodat ons die aaklige swaarvoertuie van die paaie af kan kry: deels om die verkeer te verminder en deels om die slaggate te verminder.

Natuurlik kan jy die SAUK ook help met jou donasietjie. Dan hoef niemand ooit weer lisensies te betaal nie, en ons kan dan programme van hoogstaande gehalte kry. Nie die twak wat tans opgedis word nie.

Tot sover oor jou donasietjie. Terug na 2023.

Ek het gedink om hierdie jaar se rubrieke oor lewenslesse te maak. Nie dat ek dink ek dit alles geleer het nie - net omdat ek al ’n paar dinge geleer het en dalk vind jy aanklank daarby.

Daar is 365 geleenthede hierdie jaar om weer oor te begin. Jy het 52 weke om elke week weer oor te begin en 12 maande om dieselfde te doen.

Het jy al mooi gedink watter voorreg dit is? As jy vandag iets verbrou het, het jy môre die geleentheid om dit weer te doen, en dalk iets uit jou floppie te leer.

As jy die hele week lank die verkeerde gedoen het, is daar ’n volgende week om te probeer regmaak. Dieselfde vir ’n maand.

Die idee is eintlik dat jy nie nonsens moet aanvang nie.

Met een werkswinkel wat ons eendag gehad het, noem die fasiliteerder dat geen mens een oggend opstaan en besluit dat hy of sy alles vandag gaan opneuk nie. Nee, sê ek, met mý gebeur dit sommer spontaan.

Ons het lekker daaroor gelag, maar heimlik geweet dat dit soms regtig gebeur.

Jy staan op en sien dat die geyser gebars het. Op pad kombuis toe gly jy in die water en verstuit jou enkel. Bel die versekering en bly vir ses minute aan die lyn, want “your call is important to us,” terwyl jy na ’n hele Beethovensimfonie luister. Uiteindelik belowe hulle dat hul iemand sal uitstuur. Binnekort. Jy hinkepink terug kamer toe en begin aantrek (geen stort nie, die geyser is mos stukkend). Want daar is ’n groot vergadering wat jy nie kan misloop nie. Uiteindelik daag die kontrakteur op en jy gee so in die hop-op-een-voet instruksies aan die huiswerker.

Die elektriese hek wil nie werk nie en jy moet eers daaraan vroetel voordat dit oopmaak. Ewe skielik is die ark oop in jou straat: jy moet wag en wag en wag vir ’n kans om op die pad te kom. Dis beurtkrag en die verkeersligte is buitewerking. En elkeen ry soos wat hy wil. (As ek ’n verkeerskonstabel was, sou ek met loadshedding my hele begroting opgemaak het met boetes. Smaak my soms dat mensebreine ook loadshedding ondergaan.)

Op pad werk toe sien ek die blerts op my bloes wat ek nie weet waar dit vandaankom nie. By die werk gestop, het iemand die vrymoedigheid geneem om op my parkeerplek te stop, en ek moet, dik enkel en al, 60 meter, in rekordtyd, aflê na die voordeur. Met ’n skootrekenaartas en handsak wat rondom my fladder, terwyl die sweet my aftap.

Wanneer jy die raadsaal instrompel, sien jy almal se vreemde en verbaasde gesigte: dis nie my vergaderingmense nie, dink jy. Wanneer jy uiteindelik by die regte plek aankom, het die vergadering reeds begin. En die geheuestokkie waar jou voorlegging op is, werk nie.

Uiteindelik kan jy huis toe gaan, maar die kar wil nie saamwerk nie. Na ’n groot gekarring, kan jy uiteindelik, in die verkeer, terugry huiswaarts. Jy sien uit na iets koel om te drink en om die seer enkel te vertroetel.

By die huis gekom, is die geyser nog nie ingesit nie, want daar kort een of ander part.

Nou ja, ek hoef nie aan te gaan nie. Jy ken die gevoel wanneer alles net aanmekaar op een dag verkeerd loop. Ek het vir jou goeie nuus: more kan jy weer probeer - met die hoop dat dit beter sal gaan.


Ja, jy is reg: vandag se lewensles is oor tweede kanse.

Almal kry tweede kanse, want almal verdien tweede kanse. Of dit ’n nuwe dag, nuwe week, nuwe maand, nuwe jaar, nuwe geleentheid is. Dit maak nie saak nie.

Maar die les kom met ’n voorwaarde: jy moes iets uit die eerste kans geleer het. Dit maak nie sin om oor en oor die verkeerde te doen en dan steeds te verwag dat iemand jou nog ’n kans moet gee nie. Dit is ’n exercise in futility.

# EERSTE HUIS IN VEGKOP






Met die viering van Heilbron se 150ste bestaansjaar word daar wyd bespiegel oor watter huis die eerste woning in die Vegkop-uitbreiding was. Volgens mnr. Dirk Claasen, nou 'n inwoner van die Kalli-woonstelle, was hulle huis eerste in Vegkop gebou.

Die huis is tans die tuiste van Dawid en Sylvia Meades.

Claasen vertel dat die huis in 1972 deur Abraham Rabie gebou is en dat hulle baie gelukkige jare daar spandeer het.




# MUSEUMKOMITEE HERLEEF

Heilbron vier vanjaar sy 150-jarige bestaan. Die Riemlandmuseum is 'n kosbare gemeenskapsbesit wat op hierdie stadium nie heeltemal tot sy reg kom nie en die museum kan 'n belangrike rol speel om ons dorp se geskiedenis en huidige beeld na buite lewendig te hou. Die bedryf en instandhouding van die museum berus op die belangstelling en insette van plaaslike individue wat die saak op die hart dra.

Daar is op die oomblik nie 'n werklik aktiewe museumkomitee nie. Hiermee dus 'n dringende en vriendelike uitnodiging aan elkeen wat omgee en belangstel om betrokke te raak by die museum, Vegkop, Riemlandroete en besienswaardighede in hierdie streek om op Dinsdag 24 Januarie om 14:00 by die Cloversaal saam met ons te vergader om weer struktuur te gee aan 'n museumkomitee en die feesjaar doelgerig aan te pak. Vir diegene wat minder direk betrokke wil/kan wees kan 'n lewendige "Vriende van die Museum"-projek ondersteuning en momentum gee aan aktiwiteite en ondernemings binne en vanuit die museum, wees ook asb daar om sodanig betrokke te raak.

Bring jou belangstelling en bereidwilligheid na vore en kontak vir Piet Lombard by 082 466 5750, óf besoek die Riemlandmuseum op 'n Vrydagoggend tussen 09:00 en 12:00. Ons gesamentlike erfenis vra gesamentlike optrede.

# YOUNGSTERS CELEBRATE CHRISTMAS



*Qalang Botjha, a non-profit organization that strives to eradicate substance abuse and gender based violence under young boys and girls held a Christmas lunch on the 21ste of December for few youngsters Ntong Micheal, organiser of Qalang Botjha, alongside the local police had a motivational speech filled with hope and encouragement for the new year. Mme Mamolapisie also focused on the subject of alcohol and drug free life.*

# TROUKOORS



*Johann en Jessie Claassen het op 7 Januarie die knoop vanuit die Gereformeerde Kerk, Frankfort, deurgehak.*
*Johann is die seun van Johnny en Hannali Claassen van Heilbron en Jessie is die dogter van Renier en Gerdie Muller van Frankfort. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*



*Joubert en Roosmari Flemming is op 3 Desember in die egverbind. Die seremonie het vanuit die ou Hervormde kerkie (Klipkerk) op Heilbron plaasgevind. Joubert is die seun van Eugene en Driekie Flemming van Heilbron. Roosmari is die dogter van Gert en Magda Kruger, óók twee Heilbronners. Die egpaar is beide oud-leerders van die Hoërskool Heilbron. Hulle vestig hulself in Reitz.*

# KORT PAD VEROORSAAK ONGELUK

'n Motorongeluk in 'n klein dorpie soos Heilbron is meestal 'n rare verskynsel. Tog gebeur daar elke dan en wan 'n ongeluk. Gelukkig is die skade in meeste gevalle nie noodlottig nie en net tot die voertuie beperk.

Tydens 'n onlangse botsing het Gerrie Muller, bekende inwoner van die dorp, se splinternuwe Ford-bakkie aan die kortste end gely.

Twee voertuie het Woensdag in Pienaarstraat, naby die Tokollo Hospitaal, gebots.

Volgens Gerrie het die ander bestuurder nie die toegeeteken gehoorsaam nie en voor hom ingery.

Hy het teen die voorkant van die voertuig vasgery waarna die voertuig in die aangrensende veldjie tot stilstand gekom het.

Die owerhede het die toneel besoek.

Niemand is in die ongeluk beseer nie.





# BRONNIES VERWELKOM GRADE R & 1

## Heilbron Herald se fraaiste Gr.1-kompetisie

Haasbek en boksterte, blink gevryfde skoene en stukkende knieë, 'n oorvol kosblik met 'n oorgroot tas.

Jy't reg geraai - dis die definisie van 'n splinternuwe Gr.1-parrabeen! Ons is opsoek na die fraaiste onder die fraaies.

Is jy die ouer van ‘n kleinding wat vanjaar in Graad 1 is? Skryf hom of haar gerus in vir die Heilbron Herald se Graad 1-wedstryd en staan ‘n kans om as die kontrei se "Bakgatste Maatjie" aangewys te word en 'n skryfbehoeftegeskenkpak te wen.

Om in te skryf, volg dié eenvoudige stappe: Stuur jou gunsteling Graad 1-foto via Facebook Messenger na die Heilbron Herald se Facebook-blad. Dit sal dan op die Facebook-blad gelaai word waarna u soveel as moontlik reaksie op u foto kan werf.

Foto-inskrywings sowel as Facebook-reaksies op die foto, sluit op 30 Januarie om 08:00. Geen foto’s of reaksies sal daarná vir die kompetisie oorweeg word nie.

Wanneer die foto gestuur word, stuur ook die volgende inligting saam:

• naam en van van kind
• naam van skool waar kind as Graad 1 ingeskryf is

Die wenner sal in die koerant van 3 Februarie aangekondig word.

Vir enige navrae kan Hendie gekontak word by 071 175 9807.

**Bepalings en voorwaardes:**

• Die deelnemer moet die Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.
• Die Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel en die beslissing is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal daarná aangegaan word nie.
•Slegs die foto’s op die Heilbron Herald Facebook-blad se reaksies sal vir die kompetisie in ag geneem word.
• Facebook-reaksies wat vir die kompetisie in aanmerking kom, is ondermeer “like", "love", "care", "haha", "wow", "sad" en "angry".
•Slegs kinders wat in 2023 in Graad 1 is mag deelneem.
• 'n Mini-skryfbehoeftepak is as prys te wen.

Hoërskaal Heilbron

ONDERWYSPOS
BEHEERLIGGAAM AANSTELLING
GRAAD R ASSISTENT
Aanvangsdatum: 1 Februarie 2023

Rig volledige aansoek aan: dk@hsheilbron.co.za

Navrae: Mnr David Knight
Tel: 058 852 3007
E-Pos: dk@hsheilbron.co.za

Sluitingsdatum:
20 Januarie 2023



*Die Hoërskool Heilbron se Graad R-klas spog vanjaar met 34 nuwe maatjies. Elke graad R-leerder is Woensdag tydens saalopening met ἠ lekkergoedpakkie verras. Dit het gesorg dat hul skoolloopbaan met 'n breë glimlag begin.*



*Na die langwag het Hoërskool Heilbron Woensdag, hul nuwe Graad 1-maats verwelkom. Voor vl: Phomolo Mokoena, Alexander Botha, Kai de Witt en Boikanyo Moalusi. Middel vl: Ivanka Hendriks, Marike Viljoen en Melinka Weilbach. Agter vl: Tiné Rossouw, Chris Lötter, Jamie Bester, Xzavia Roberts, Jaymari Welgemoed, Clara-May van Rooyen, Marthinus Mouton, Leo Engelbrecht en Lizelle Wessels.*



*Op die foto voor vl: Letlotlo Lephoto, Pieter Buitendag, Daylin Blaauw, Corbin van der Merwe en Reanetse Moekoena. Middel vl: Andriette van Wyngaardt, Haley van Rooyen en Reatile Motaung. Agter vl: Elinka van Dorssen, Luan Bornman, Tommie Rietchard, Shiloh Schoeman, Luhané Mostert, Carolien Baan, Keith Petzer, Hendrik Botha en Suné Briers. Foto's: Tanya van Rooyen*



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **PERCIVAL PIETER BIDDULPH, Identiteitsnommer 291017 5004 082,** wat woonagtig was te Markstraat 5, Frankfort, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 10 Oktober 2019, **boedelnommer 001775/2020**.
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Frankfort, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **ADRIAAN RALL, Identiteitsnommer 610512 5138 082,** wat woonagtig was te Plaas Roosbank, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 18 Augustus 2020, **boedelnommer 000309/2021**.
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## Suduku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 3 | | | 1 | | | 6 | |
| 7 | 5 | | | 3 | | | 4 | 8 |
| | | 6 | 9 | 8 | 4 | 3 | | |
| | | 3 | | | | 8 | | |
| 9 | 1 | 2 | | | | 6 | 7 | 4 |
| | | 4 | | | | 5 | | |
| | | 1 | 6 | 7 | 5 | 2 | | |
| 6 | 8 | | | 9 | | | 1 | 5 |
| | 9 | | | 4 | | | 3 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 1 | | | | | | 6 | 8 |
| 6 | | | | | | | 2 | |
| | | | | | | 5 | 1 | |
| | | | 2 | 4 | | 6 | 9 | |
| 3 | | | | 5 | | | | |
| 5 | | 6 | | | 9 | | | 1 |
| | | | 7 | | | 3 | | |
| 9 | | 2 | | 6 | 4 | | | |
| | | 7 | 9 | | 8 | | 5 | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Hendie Lötter*
Tel: 058 852 3033 | heraldnuus@heilbron.co.za




## NOTICE OF SALE

PH497

**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA (GAUTENG DIVISION, JOHANNESBURG)**
**CASE NO 2022/24351**
In the matter between:-
**GLOBAL ROOFING SOLUTIONS (PTY) LIMITED** trading as **GLOBAL ROOFING SOLUTIONS**
Registration Number 2021/511200/07
*Execution Creditor*
and
**MD FURNITURE AND SKY CELLULAR SHOP (PTY) LIMITED**
**Registration Number 2018/585428/07**
*First Execution Debtor*
**ALI, RASHID**
**Identity Number PQ17 96 83 3** (born 1 January 1990)
*Second Execution Debtor*

IN PURSUANCE of a Judgment granted on the 19th day of AUGUST 2022 in the HIGH COURT OF SOUTH AFRICA, GAUTENG DIVISION, JOHANNESBURG, and Warrant of Execution issued thereafter, a sale in execution of the undermentioned goods will be held at 22 DE WET STREET, REITZ, FREE STATE PROVINCE, on the 3rd day of FEBRUARY 2023, at 13h00, consisting of:-
1. Approximately 30 Boxes of Tiles;
2. Approximately 200 Various drill bits;
3. Approximately 20 Various locks;
4. Various tools (pliers, spanners, screwdrivers, etc);
5. Incco chainsaw;
6. Incco cordless drills, planers and sanders;
7. Various screws, nails, bolts, etc;
8. Approximately 15 various wooden doors;
9. Approximately 80 IBR zinc;
10. Approximately 60 corrugated zinc;
11. Garage roller door;
12. 2 x baths;
13. Approximately 6 steel door frames;
14. Approximately 30 20l paint;
15. Approximately 5l waterproofing;
16. Approximately 5l paints;
17. Approximately 15 various faucets;
18. Approximately 30 various lights;
19. Various other trading stock recoverable up to and including claim amount.

To the highest bidder IN CASH
**TAKE FURTHER NOTE THAT:**
1.This sale is in a sale in execution pursuant to a judgement obtained in the above court.
2.The Rules of this auction is available 24 hours prior to the auction at the office of the Sheriff for REITZ, at 22 DE WET STREET, REITZ, FREE STATE PROVINCE.
3. Registration as a buyer is a pre-requisite subject to specific conditions, inter alia :
(a) Directive of the Consumer Protection Act 68 of 2008. (URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961);
(b) FICA – legislation i.r.o. proof of identity and address particulars;
(c) Payment of a Registration deposit of R500,00 in cash;
(d) Registration conditions.
4. The office of the Sheriff for Reitz will conduct the sale with with auctioneers WF Minnie.
5. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to court rules, apply.
DATED at EDENVALE on this the 6th day of DECEMBER 2022.
**(SGD) R C CHRISTIE**
**R C CHRISTIE INCORPORATED**
**Attorney for the Execution Creditor**
**69 – 71 Fourteenth Avenue Edenvale**
**P O Box 751829, Gardenview 2047**
**Tel:** 011 452 7701
**Fax:** 011 452 7709
**Email:** carolyn@rcchristie.co.za; & litigation@rcchristie.co.za
**Ref:** R CHRISTIE/cd/G744




# TE HUUR • TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# TE KOOP • TE KOOP

## *Pragtige Langbeen Foksterriërs*




Hondjies is dadelik beskikbaar.
3 x Reuntjies en 3 x Tefies. R1 000-00 elk.
Skakel Bennie Roets 082 822 8985

## WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## POSTNET HEILBRON

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00



Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

# DIENSTE




## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport



# BOERE SPEEL WEER ROLBAL

Met die goeie reens van die seisoen was dit 'n bedrywigheid op die landerye hier in die Riemlandstreek. Van vroeg tot laat is daar geploeg en geplant en met al die gesaaides wat so mooi groei, het glimlaggende boere besluit dit is nou tyd om 'n bietjie te ontspan.

Daar is een plek waar jy 'n klomp boere bymekaar kan kry en dit is by die rolbalklub. Voordat enige balle egter gerol word, word daar eers behoorlik na mekaar se welstand en boerderybedrywighede uitgevra. Dit laat mens nogal dink aan die outyd se nagmaalbyeenkomste.

Wat is 'n aand se rolbal dan nou ook sonder 'n eetdingetjie? Die dames van die klub maak weer liplekker ribburgers teen R30 elk.

Besprekings moet asseblief vroegtydig by Elza Kriel, 083 9885712, óf Hannalie Claassen, 079 0400531, gedoen word.

Op 12 en 19 Januarie gaan daar gedurende die aand balle gerol word. Massey Ferguson kom te staan teen John Deere en so tussenin mag daar dalk 'n ou bloubottel Fordson teen die ou Vaaljapie te staan kom. Die Bonsmaras pak die Brahmane en so eenkant dalk die ou Friesie teen die Jerseytjie. Maar hoe dit ookal sy, daar gaan lekker gerol en gekuier word.

Die boerevereniging se kuier is vir ontspanning, maar vir die rolbalspelers begin 2023 met Valsrivier se dames- en mansvierekompetisie gedurende die naweek van 21 en 22 Januarie. En dít is beslis nie vir ontspanning nie. Met die hoeveelheid inskrywings vanuit die verskillende klubs, gaan dit tawwe kompetisie wees en spelers sal hulle rol moet ken om deur te dring na die uitspeelrondtes.

Heilbron word weereens sterk verteenwoordig met 3 spanne (12 spelers) wat die pad gaan aandurf Vredefort toe vir dié geleentheid.

VAKATURE: JUNIOR & SENIOR PERSONEEL

P & V Potgieter & Vennote

Verantwoordelikhede
- Data vaslegging
- Prossesering van data en rekonsiliasies
- Kantooradministrasie (liasering, tydstate byhou)
- Opstel van finansiële state
- Indien van belastingopgawes

Vaardighede sal voorkeur geniet:
- MS Office (Excel, Word)
- Rekenaarvaardighede
- Goed georganiseerd en gefokus
- Goeie menseverhoudinge en kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Afrikaanssprekend

Aansoeke sluit 23 Januarie 2023

Adres: Breëstraat 33, Heilbron, 9650
Navrae: Kontak Jurie by 058 852 3001

RA CA(SA)

Herald
Office National
HERALD OFFICE NATIONAL A2 DESKPADS @ R25 EACH IN STOCK NOW!!
058 852 3033

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
018 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

WEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (Junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 16 JANUARIE 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 17 JANUARIE 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
WAKKERSTROOM: MOOIBANK BDY Produksieveiling van Beefmasters 11:00, Langkloof, Wakkerstroom
Kontak Hannes Hugo 082 823 7631
WOENSDAG - 18 JANUARIE 2023
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
DANIËLSRUS Twee-maandelikse veiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164
DONDERDAG - 19 JANUARIE 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VRYDAG - 20 JANUARIE 2023
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
POSTNET HEILBRON